I-CAT ENVIRONMENTAL SOLUTIONS
change that doesn't cost the earth
38 Amatole Road, N4 Gateway Industrial Park West
Willow Park Manor Extension 65, Pretoria
PostNet Suite #577, Private Bag x37, Lynnwood Ridge, 0040
T: 086 112 4228 | F: 086 552 3872 | E: environmental@i-cat.co.za | W: environmental.i-cat.co.za
Johannesburg | Durban | Sishen | Cape Town | Middelburg
AGRI-FORESTRY SOLUTIONS DUST SOLUTIONS WATER SOLUTIONS ENVIRONMENTAL SOLUTIONS FIRE SOLUTIONS

**Date:** 10 Mei 2018
**I-CAT Ref**: EM00010_16_17
**GDARD Ref:** Gaut 002/18-19/E0022

**Attention:**

Belangstellende en Geaffekteerde Party / Belanghebbende

Geregistreerde pos/aflewering per hand/epos

Geagte Meneer/Mevrou

# KENNISGEWING VAN PROJEK EN PUBLIEKEDEELNAME

**BEPLANDE ONTWIKKELING VAN 'N VULSTASIE MET 'N GERIEFSWINKEL EN RESTAURANT OP PORSIE 25 VAN DIE PLAAS VLAKFONTEIN, 523 JR, CITY OF TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT**

**OMGEWINGS MAGTIGING PROSES IN TERME VAN DIE NASIONALE OMGEWINGSBESTUURSWET, 1998 (WET NO. 107 VAN 1998) [SOOS GEWYSIG] EN WATERLISENSIE AANSOEK IN TERME VAN DIE NASIONALE WATERWET, 1998 (WET NO. 36 VAN 1998)**

## Inleiding:

I-CAT Environmental Solutions (Pty) Ltd, was aangestel as onafhanklike Omgewingskonsultant deur die aansoeker, JCJ Developments (Pty) Ltd, om die NEMA omgewingsimpak magtigings proses sowel as die waterlisensieaansoek in terme van die Nasionale Waterwet te behartig vir die beplande vulstasie ontwikkeling in Bronkhorstspruit, Pretoria.

## Projekvoorlegging:

Die projekvoorlegging sluit in 'n vulstasie met 'n geriefswinkel en restaurant op porsie 25 van die plaas Vlakfontein, 523 JR, City of Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit. (GPS: 25°51'29,4"S; 28°42'4,2"E).

**Wetlike vereistes:**

Omgewingsimpak proses insluitende 'n waterlisensie aansoek, in terme van die NEMA Omgewingsimpakregulasies (2014) en die Nasionale Waterwet (Wet No. 36 of 1998). Die aansoek vir omgewingsgoedkeuring en lisensiëring sal gedoen word by die Gautengse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling vir die onderneming van die volgende aktiwiteite:

| | | |
|---|---|---|
| **Nasionale Waterwet watergebruik aktiwiteite (1998), Artikel 21: Watergebruik** | *(a) – die neem van water uit 'n waterhulpbron;*<br>*(g) - die beskikking oor afval wat 'n waterhulpbron nadelig kan beïnvloed.* | **Owerheid: Departement van Water en Sanitasie (DWS) Bronkhorstspruit kantoor** |
| **Nasionale Waterwet watergebruik aktiwiteite (1998), Artikel 21: Watergebruik** | *Die ontwikkeling van fasiliteite of infrastruktuur vir die stoor, of vir die stoor en hantering van gevaarlike goedere, waar hierdie stoor plaasvind in houers met 'n gesamentlike kapasiteit van 80 kubieke meter of meer maar nie 500 kubieke meter oorskry nie.* | **Owerheid: Gautengse Department van Landbou en Landelike Ontwikkeling (GDARD)** |

**Kennisgewing word hiermee gegee rakende die publiekedeelname proses in terme van die NEMA Omgewingsimpakregulasies (2014):**

Enige Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B & GP) word uitgenooi om te registreer vir die bogenoemde beplande vulstasie ontwikkeling om skriftelik kommentaar te lewer op die beskikbare dokumentasie. B & GP moet hulle kommentaar asook hul name, kontakbesonderhede (vekose metode van kommunikasie bv. Epos adres of faks nommer) en 'n indikasie van enige direkte besigheids, finansiële, persoonlike of enige addisionele belangstellings wat hulle in die aansoek het verskaf aan die kontakpersoon soos hieronder aangedui, teen ***23 Julie 2018***. Alle kommentaar moet gerig word aan die Omgewingskonsultant met kontakbesonderhede soos hieronder gelys (sluit die verwysingsnommer ***EM00010_16-17*** in, in alle korrespondensie). Die Omgewingimpakverslag, Omgewingsbestuurprogram en bykomende dokumentasie is beskikbaar vir kommentaar en publiekedeelname ***(21 Mei 2018 tot 23 Julie 2018)***. Die dokumente kan ook hersien word by die volgende plekke: Bronkhorstspruit Gemeenskapsbiblioteek (h/v Market en Louis Bothalaan, Bronkhorstspruit. Tel – 071 671 8626). Alle verslae kan ook afgelaai word vanaf die I-CAT webtuiste by: http://environmental.i-cat.co.za/public-participation/.

Stel asseblief die Omgewingskonsultant in kennis indien jy bewus is van enige ander party wat jy glo ook in kennis gestel moet word van die ontwikkeling. Jy kan ook die informasie aanstuur aan so 'n persoon.

**Omgewingskonsultant kontakbesonderhede:**

I-CAT Environmental Solutions:

Melissa Heunis

e: environmental@i-cat.co.za / melissa@i-cat.co.za

t: 086 112 4228 / 073 236 1813 / 082 924 0174

f: 086 552 3872

p: Postnet Suite #577, Private Bag X37, Lynnwood Ridge, 0040

Die uwe

| | |
|---|---|
| Melissa Heunis | Leon Janse van Rensburg |
| **I-CAT Environmental Solutions** | **I-CAT Environmental Solutions** |